"'Veral' beteken UDF verleen hulp aan ANC opgeleide terroriste, maar die terroriste het opdrag, om, vanweë sekuriteitsredes, sover moontlik nie direk met UDF hoofkantoor te skakel nie, maar het opdrag om eerder met die gaffilieerde organisasies te skakel vir die hulp in hierdie(20) sub-paragraaf uiteengesit."

Ten aansien van die woorde "onder ander" in die paragraaf wat ek aangehaal het, is die antwoord :

"Die antwoord in hierdie sub-paragraaf uiteengesit, is die enigste waaroor die Staat op hierdie stadium beskik."

Dit is dus duidelik dat die saak wat die Staat uitmaak op die stukke voor my, een is van hulpverlening aan die ANC, maar nie direk nie, aangesien daar nie, sover moontlik, direk met die UDF se hoofkantoor geskakel moet word nie en dat in hierdie verband die gegewe inligting die enigste inligting is waar-(30) oor die Staat op hierdie stadium beskik.

... / Die

Die saak vir die Staat op die stukke wat ek hier aangehaal het, is dus duidelik nie dat daar geldelike hulp aan die ANC verleen is nie en is ook duidelik nie dat die hulp vanuit die hoofkantoor direk verleen is nie, terwyl die getuienis daarop duï dat die betrokke getuie deur die hoofkantoor gehelp is wat hom na 'n ander vloer gestuur het waar hy geld kon gaan haal.

Nou is die antwoord van mnr. Jacobs op hierdie probleem wat ek hier uiteengesit het dat die Staat nie gebind is aan sy besonderhede nie en dat die bewysmateriaal meer kan wees (10) as wat die besonderhede gee. Dit mag korrek wees, vir sover as dit gaan, maar daar is twee aspekte wat in ag geneem moet word. Die een is dat waar die Staat homself beperk het en ingeperk het deur sy eie nadere besonderhede, hy wel daaraan gebonde is en die tweede is dat in 'n saak van veral hierdie omvang, dit noodsaaklik is dat daar behoorlike voorbereiding gedoen moet word vir die vlotte verloop van die saak en van die kruisondervraging en dat om daardie rede die verdediging van belangrike feite op die hoede gestel behoort te word en ek sal dus nie geneem wees om die reël dat die Staat wel (20) getuienis mag aanbied wat wyer loop as presies dit wat hy in die akte van beskuldiging beweer het, eenvoudig op losse voet in hierdie saak toe te pas nie.

Mnr. Jacobs het verder beweer dat die geval wel gedek word deur die nadere besonderhede en my verwys na bladsy 30 van die nadere besonderhede paragraaf 4.1 tot 4 (f). Dit handel met organisering wat plaasgevind het na aanleiding van die sameswering en dit lui dat :

"Die organisering en onder andere omsluit het
 (f) sedert 1983 en op 'n voortdurende grondslag, word (30)
 deur middel van koeriers deur die ANC geskakel met

... / UDF

UDF se geaffilieerde organisasies en in besonder in die Vaal Driehoek waar geldelike hulp, advies, opdragte, pamflette, publikasies en plakkate verskaf is."

My vertolking van die paragraaf is dat dit dui op skakeling en hulpverlening van die ANC se kant na die ander kant toe en nie omgekeerd nie en dat dit dui op skakeling met geaffilieerde organisasies van die UDF en nie die UDF se hoofkantoor nie.

Op hierdie gedeelte van die nadere besonderhede kan mnr. Jacobs dus nie steun nie. (10)

Verder het mnr. Jacobs betoog dat die sameswering in hierdie saak tussen die UDF en die ANC 'n punt in geskil is en dat hy nie verplig is om al sy getuienis by wyse van besonderhede te openbaar nie. Daarin moet hy gelyk gegee word, maar dit beantwoord nog nie die vraag of hy homself by wyse van besonderhede beperk het tot 'n sekere wyse van aanbieding van sy saak nie.

Myns insiens is dit die geval en is die getuienis wat aangebied is deur die bestaande getuie ten aansien van die gebeure in Khotso House ontoelaatbaar op die stukke soos (20) dit staan.

In die alternatief het mnr. Jacobs aansoek gedoen vir 'n wysiging van die akte van beskuldiging deur die naam van dr. Beyers Naude op bladsy 27 van die nadere besonderhede in te voeg en op bladsy 72 van die verdere en beter besonderhede 'n nuwe sub-paragraaf (d) in te voeg, ten einde hierdie probleem te ondervang.

Mnr. Bizo het teen die aansoek om wysiging beswaar gemaak en betoog dat die Staat dit nie op 'n alternatiewe basis kan doen nie. Met ander woorde dat die Staat nie andersyds (30) kan volhou met 'n betoog dat die getuienis wel gedek is en

... / andersyds

andersyds in die alternatief 'n wysiging aanvra nie. Myns insiens is so 'n benadering te tegnies van aard en is dit ook onprakties, want dit kan daartoe aanleiding gee dat ek al die getuienis deurhaal, dat daarna 'n aansoek om wysiging kom en dat daarna al die getuienis herhaal moet word. Veral in straf-sake moet 'n hof 'n praktiese benadering volg.

Afgesien van die tegniese beswaar het mn^r. Bizos die verdere besware teen die aansoek om wysiging geopper, naamlik dat dit gemeensaak is, dit is erken, dat daar 'n ANC sameswering was; dat daaroor dus geen getuienis nodig is nie; dat die be- (10) weerde sameswering tussen die UDF en die ANC in geskil is, maar dat die getuienis wat voorgelê is van die huidige getuie, wat vertel is dat hy na die UDF kan gaan vir hulp en dan uiteindelik geld kry by 'n ampsdraer van 'n liggaam wat nie met die UDF geaffilieer is nie geen direkte bewyskrag het ten aansien van die skuld of onskuld van die huidige beskuldigdes nie en dat dit om daardie rede irrelevant is.

Met hierdie betoog het ek dié probleem en dit is dat ek op hierdie stadium nie kan bepaal hoe relevant of irrelevant die getuienis is met betrekking tot 'n spesifieke beskuldigde(20) nie. Dit het wel die strekking om aan te toon dat daar 'n soort skakeling tussen die UDF en die ANC kan wees en dat daardie feit bekend was aan die ANC lede. Ek kan nie op hierdie stadium bevind dat daardie getuienis, indien dit aanvaar sou word deur die hof, irrelevant sou wees nie, al is dit so, dat die betaling van die geld geskied het op 'n stadium toe, soos ek meegedeel is, die beskuldigdes alreeds gearresteerd was.

Mnr. Bizos het verder betoog dat die beskuldigdes alreeds in hegtenis is vir 'n baie lang tyd en dat ek by die toestaan(30) van wysigings my diskresie uiters versigtig en eerder teen

... / die

die Staat moet uitoefen. Ek is bewus daarvan dat ek by die beoordeling van hierdie vraag groot ag moet slaan op die verleenheid waarin die beskuldigdes hulle bevind. Aan die ander kant is dit van belang dat die geskilpunte tussen Staat en beskuldigdes behoorlik geventileer word en ek neem verder in ag dat ons eintlik nog maar aan die begin van die saak is en ek neem verder in ag dat dit op die oog af nie besonder moeilik behoort te wees om inligting in te win oor hierdie aspek van die saak nie en dat indien die wysiging toegestaan word, die verdediging nie onbehoorlik gestrem sal wees in (10) die voer van sy saak nie.

In die lig van hierdie omstandighede word die wysiging, soos aangevra, toegestaan.

- - - - -

U I T S P R A A K (In camera)

BLADSYE 300 TOT 306 GESTUUR VIR NASIEN

HCF IN CAMERA :

1C6, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS (vervolg) : U was gister besig om te getuig oor pamflette wat deur die ANC ingestuur is na die land. Jy het genoem ELCO, VCA, UDF Wes-Kaap, VYCO en dit is waar ons gekom het waar u vertel het van VYCO, dat ene Vicks daarnatoe pamphlette moes bring. Is daar nog ander organisasies binne die Republiek aan wie pamphlette en stukke gestuur is? -- Ek het melding gemaak van hulle gister, soos u dit daar gelees het. (10)

Is daar nog ander organisasies aan wie pamphlette gestuur was? -- Nee.

Daar by UDF - daar by die ANC se kwartiere in Lesotho waar jy was, is daar store wat julle daar aanhou? Het julle store waar julle sekere goed in stoer? Klere en ander dinge? -- Dit is so, daar is baie van die store.

Is daar onder andere ook store waar julle klere aanhou? -- Ja, dit is so.

Kan u vir die Hof sê is daar enige spesifieke klere wat aan julle uitgereik word as julle na die Republiek toe kom? -- (20) Ja, daar is.

Kan u vir die Hof meer inligting gee van daardie klere en waarvoor dit gebruik word daar, wat se soort klere dit is? -- Daar is skipperhemde. Dit is skipperhemde vir kerke, byvoorbeeld van Kanada en dan is daar skipperhemde van verskillende organisasies hier in die Republiek. Daar is die swart skipperhemde van Food and Canning Workers' Union. Daar is witte in kleur van COSAS. Daar is geles van RMC en daar is van UDF ook. Die geles en bloues.

Wat staan RMC voor? -- Release Mandela Committee. (30)

Vir watter doel word dit daar gehou en wat word daarmee

... / gemaak

gemaak?

HOF : Laat ek net 'n ding vra. Ek het hier al gehoor van COSAS T-hemde en nou praat u van COSAS skippers. Is daar 'n verskil? -- In Zoeloe is dit dieselfde ding. Dit is die een met die ronde nek.

En kort moue? -- Ja.

MNR. JACOBS : Vir watter doel word die hemde gebruik? -- Die skipperhemde word nie daar gebruik in Lesotho nie. Dit word alleenlik gebruik deur die mense wat deurkom na ons land toe hier by die huis as 'n "cover". Ek het nog een. (10)

As jy praat van ons mense, kan jy vir ons net meer duidelik wees daaroor? -- As ek van ons mense praat, praat ek van die kaders, opgeleide mense.

Jy sê jy het self nog een daarvan. Watter een is dit? -- Dit is die swart een van Food and Canning.

Kan jy net miskien meer duidelik wees. Jy noem nou dit is T-hemde of skippers, soos jy dit noem, van verskillende organisasies. Hoe onderskei jy hulle? -- Ek verstaan nie daar-die vraag nie.

HOF : Ek ook nie. (20)

MNR. JACOBS : As ons praat van 'n COSAS T-hemp dan moet ons tog weet wat is dit? -- Daar is op hulle geskryf aan die voor-kant. (Getuie dui aan) Van hulle is agter op die rug geskryf.

Kom ons behandel dan 'n COSAS hemp. Hoe is nou te identifiseer as 'n COSAS hemp?

HOF : Net 'n oomblik. Mn. Jacobs, gaan ons by elke getuie 'n beskrywing van hierdie hemde moet hê. Is dit nie 'n aspek waarop julle maar kan ooreenkommie nie, dat 'n COSAS hemp lyk so voor en so agter?

MNR. JACOBS : Miskien kan ons daar ooreenkommie. (30)

HOF : Ek hoef tog nie van elke getuie af te skryf hoe lyk

... / die

die prentjies nie.

MNR. JACOBS : Mn. Bizo, sal ons kan ooreenkomm?

MR BIZOS : I am sure that if we had been asked what an AZAPO shirt looks like, we could very easily make an admission.

HOF : Miskien kan ons 'n aantal hemde hier hê, as dit so moet wees, dan kan hulle maar na hemp nr. 1 of hemp nr. 2 of hemp nr. 3 verwys. Ek wil darem regtig nie dat die Hof se tyd in beslag geneem word elke keer met 'n beskrywing van T-hemde nie.

MNR. JACOBS : Ek het dit net vir volledigheid gedoen dat daar nie lateraan miskien 'n probleem is en daar miskien 'n dis- (10) puit oor kom nie. Ons sal dit oplos op die manier wat die Hof voorgestel het.

Hier aan die begin van 1985 en daar in Lesotho, was daar 'n begrafnis gewees? -- Dit is so.

Wie het die begrafnis gereël en wie s'n was dit? -- Die ANC het die voorbereidings gedoen vir die begrafnis. Die oorledene was 'n lid van SACTU met die naam van MZUKISI SKWEYIYA.

Het jy enigiets te doen gehad ook met die reëlings vir hierdie begrafnis? -- Ja, ek was betrokke in die reëling van die "culture, accommodation" en die sekuriteit oor die (20) mense wat daar was.

HOF : Die reëling van die "culture", is dit 'n soort program wat aangebied word by so 'n begrafnis? -- Die reëling van die mense, hoe gaan hulle sing en die verloop van hierdie begrafnis. Tweedens, die kis word deur mense gedra met hulle hande. Daar word nie vervoer gebruik nie. Derdens, daar is slagwoorde wat daar genoem word. 'n Mens moet dit reël, wie gaan wat doen, as wie klaar is met wat.

Met ander woorde, die hele program reël? -- Ja, dit is so.

MNR. JACOBS : Vertel vir die Hof wat is die posisie met (30) wanneer 'n lid van die ANC te sterwe kom, as hy nou begrawe

... / word

word, die draers en wie kan deelneem aan die begrafnis, aktiewe deelnemers, die neem van die kis, toesprake?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry. Is die stelling dat so 'n begrafnis nie oop is vir bywoning en deelname deur almal nie, maar dat net 'n beperkte aantal of 'n beperkte klas mense dit mag bywoon? Is dit waarna u vraag mik?

MNR. JACOBS : 'n Beperkte klas mense, sekere van die werklike aktiwiteite van die begrafnis mag doen. -- Ja, maar meeste van die tyd is dit net die kaders van die ANC wat in Lesotho is.

(10)

Ja, maar wat is die prosedure nou as 'n mens so iemand begrawe? Wie mag dra en wie mag nie dra nie? Wie mag aan daardie aktiwiteite deelneem? -- Gewoonlik in die môre is daar persone wat gaan om die lyk te identifiseer by die lykhuis. Later as die lyk nou gebring het, het ons "pall-bearers" wat dan die lyk gaan dra vanaf die voertuig na die tent toe.

Ek wil weet wie word toegelaat om te dra en die werklike werk te doen? Laat die ANC toe dat enigeen dit doen of mag net sekere mense dit doen? -- Dit is nie enige mens wat daar die kis dra nie. Dit is net die ANC se mense wat die kis (20) dra, want daar is baie ander organisasies in Lesotho.

Is dit 'n reëel van die ANC? -- Dit is so.

En as daar afgewyk word van die reëel, is dit net hulle wat so kan besluit? -- Ja, dit gebeur so. Wat eintlik gebeur is, hulle is die persone wat besluit na hulle miskien met ander mense gepraat het oor wat gedoen moet word, wat dan afwyk van die normale prosedure.

By hierdie besondere begrafnis, het daar iets besonders gebeur? Het daar 'n afwyking gekom? -- Ja, dit is so.

Vertel vir die Hof van hierdie afwyking wat daar (30) plaasgevind het? -- Die "pall-bearers" daardie betrokke dag

... / by

by daardie betrokke begrafnis was mense van Oos-Londen af.
Die mense het T-hemde aangehad. Een met 'n SOYCO T-hemp, geel
en groen... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Wat is SOYCO? -- Drie van hulle het UDF se T-hemde aan-
gehad en een het East London Youth Congress se T-hemp aange-
had.

Hoeveel dra die kis? -- Hulle was vier.

En SOYCO, waarvoor staan dit? -- Soweto Youth Congress.

HOF : Ek het nou vyf. Een is SOYCO, een is ELYC en drie is
UDF. -- Eintlik moet hulle ses wees. (10)

MNR. JACOBS : Kan jy onthou wat die sesde een was? Jy het
nou vir ons vyf gegee? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie.
Ek onthou net hierdie wat ek genoem het.

Onthou jy wie is die mense wat daar was, die name? Hierdie
ses? -- Ek ken een van hulle wat daar 'n toespraak gegee het
by hierdie begrafnis.

Wie is hy? -- Mgabela, alias Wontoti.

Mgabela, het hy 'n ander naam, volle naam, sy voornaam of
van? -- Hy is aan my bekend net as Mgabela of Wontoti.

Hierdie Wontoti, wat se naam is dit? -- Dit is 'n per- (20)
soon se naam.

Dit is nie 'n MK naam nie? -- Nee.

Van hierdie mense het tydens die begrafnis toesprake
gelewer daar? -- Net hierdie een het 'n toespraak gemaak.

Watter een? -- Daar was wel ander mense van die ANC wat
ook toesprake daar gemaak het, van die Lesotho Boxing Association
en SACTU.

Nee, maar ek praat van hierdie ses mense. Behalwe Mgabela -
is Mgabela die enigste een van hulle wat 'n toespraak gelewer
het? -- Daar was wel 'n gesprek gewees of 'n toespraak in (30)
die tent. Dit was voordat die kis in die tent gebring was.

... / Vertel

Vertel? -- Daar word gesing in die tent. Dan is daar slagwoorde, byvoorbeeld "Viva Mkhonto" ensovoorts. Hierdie mense het hierdie slagwoorde gebruik van UDF Unites Apartheid Divides.

Is daar vryheidsliedere ook gesing daar? -- Ja, daar is baie daarvan wat gesing was.

Enige "Freedom songs" oor UDF gesing? -- Die wat gesing het - alles wat daar gesing was, was deur die mense van ANC gesing.

Hierdie ses mense, waar het hulle oorgebly? -- By (10) Gwentsha het hulle oorgebly by 'n plek bekend as Apatamai. Een was by Kubetswane tuis. Dit is by Mgabela.

By wat se mense het hulle tuisgegaan? Van watter organisasie? Het hulle in 'n hotel tuisgegaan of by 'n organisasie se mense tuisgegaan? -- Die persone wat ons van praat was met niemand bekend in Lesotho nie. Dus, die mense by wie hulle tuis was, is mense van die ANC.

Ek wil net twee aspekte eers met jou opklaar. Jy het gemeld van die persoon Speech? -- Ja, ek ken hom baie goed.

Wat was sy volle name? -- Hy word Speech genoem in (20) Lesotho. Die van is Mogotshiane, want die probleem is, jou naam wat jy hier in hierdie land gebruik, gebruik jy nie buite die land nie.

Wat was hy by julle gewees? -- Hy was net gewerf gewees. Hy was nie lank daar nie.

En Oldman, jy het gepraat van die man Oldman? -- Ja, dit is so.

Kan jy net sy volle naam vir ons gee? -- Hy is aan my bekend as Oldman en ook Wilberforce.

En sy van? -- Nee, dit weet ek nie. (30)

Bestaan daar so 'n ding soos 'n M plan? -- Ja.

... / Kan

Kan jy vir ons sê wat is die M plan? -- Daar is vyf verskillende soorte persone hier in Suid-Afrika.

Laat ek dit net kry, wie se plan is die M plan? -- Dit is Mandela se plan... (Mnr. Jacobs kom tussenbei)

Word dit nog steeds aangehang deur die ANC en nagestreef?
-- Ja, dit is so.

Hoe werk die M plan? Gaan dan nou voort? -- Van hierdie vyf tipe persone wat by die "National Executive" verteenwoordig word, daar is 'n afdeling van die "youth", studente, werkers, inwoners en die vroumense. Vroeër het 'n mens dit gevind (10) dat daar 'n boikot is deur die werkers en dit sal net uitgevoer word deur die werkers. Die ander mense sal nie daarop ag slaan nie. By die ANC die "stage" van ons hier in hierdie land in die Republiek is in die NDR, National Democratic Revolution. Op die "stage" van die NDR, die vyf tipe persone of groepe persone moet bymekaar kom om die huidige goewerment omver te werp. Dit is hoekom hierdie vyf tipe persone op die stadium bymekaar moet kom om die masjinerie van die Staat se breek, sodat as daar nou verdere stappe geneem word van die NDR na die National Reconstruction, hierdie mense moet (20) alreeds gereed wees.

Wat is nou hierdie mense? -- Dit is die vyf wat ons van praat.

Die vyf groepe mense? -- Ja.

Gaan aan? -- Want die eerste ding, volgens die ANC, die onderwys wat hier in die Republiek gegee word aan hierdie mense, maak hierdie mense aspaaie om kapitaliste te word. Die vroumense kry nie die "equal rights" met manspersone in die sisteeem van die kapitaliste nie en die werkers was nog nie daarvan bewus dat hulle eintlik (die woord is dubbelsinnig) die (30) leiers is van die "struggle" nie. Hulle werk met die ANC

... / wat

wat hulle dan "guide politically". Dit is hoekom dit nou so gereel is dat by die ANC as daar enige groep uitgaan, moet daar 'n "commissar" wees wat in staat sal wees om die politiek aan die mense te kan oordra.

Hier is net een ding wat 'n bietjie vir my onseker is. By die "destruction", dan moet die mense gereed wees. Watter "destruction" praat jy nou van?

HOF : Daar is gepraat van die NDR. Is dit waar u nou na verwys?

MNR. JACOBS : Ja. (10)

HOF : National Democratic Revolution. Hy het nie gepraat van "destruction" nie.

MNR. JACOBS : O, was dit National Reconstruction.

HOF : Daarna is daar National Reconstruction.

MNR. JACOBS : Wanneer tree die National Reconstruction in?

-- Elke ding word stap vir stap gedoen tot ons by die punt kom van die rewolusie van die werkers. Tot ons by die "communist stage" kom. Dit volg mekaar soos volg. Van die NDR gaan jy na die National Reconstruction, die "stage" van die "transition", "from capitalism working towards socialism." Jy vind dat (20) daar "barriers" is wat weggevat moet word om nie in die belang van die mense te wees nie. Daar is sekere wette wat verander moet word. Sekere dinge sal moet oorgeneem word deur die Staat.

HOF : As jy sê dinge, is dit "enterprises"? -- Dan die "small enterprises" sal deur die mense behou word, soos byvoorbeeld vervoer, "defence", en media. Dit word beheer word deur die Staat. As ons praat van National Reconstruction, dit is die voorbereiding vir daardie tipe ding.

MNR. JACOBS : Die Freedom Charter, jy sê jy het van hulle (30) hier ingebring in die land. Wat se rol speel dit by hierdie

... / M plan

M plan? -- Ja, ek het die Freedom Charter gebring.

Speel dit 'n rol by die M plan? -- Die Freedom Charter, is 'n dokument "in which information is contained which was sort of canvassed from different people, what their interests were. It was incorporated in to the Freedom Charter." Maar die ANC gebruik die Freedom Charter "as a working document." Ons kan sê dit is so.

"Working document" in watter opsig? Wat bedoel jy met "working document"? -- Dit is 'n dokument wat 'n "guide" is vir die leiers van die ANC, omtrent die "policies and decision making." (10)

Daar is een ding wat jy miskien vir my kan opklaar. Daar word dikwels gepraat van 'n Vanguard Movement? -- Ja.

Wat is dit? -- Vanguard Movement is die een wat staan vir die "support" van die mense en dit staan ook vir die ver-eistes van die mense. (Tolk vra getuie om dit op te klaar aangesien die woord deur laasgenoemde gebruik dubbelsinnig is) Wat ek daarmee bedoel is, hy het 'n standpunt. Hy sal nie sy standpunt verander na dit wat die mense soek byvoorbeeld nie. (20)

Wie is die Vanguard Movement? Is daar so iemand en indien wel, wie is dit? -- Die vraag is onduidelik.

Jy sê daar is 'n Vanguard Movement met 'n standpunt. Die Vanguard Movement, wie is dit? -- Ek volg nie die vraag nie.

HOF : Kan ek dit anders stel. Is die Vanguard Movement 'n onderdeel van die ANC en as dit 'n onderdeel is van die ANC is dit in die buiteland of is dit in die binneland? -- Volgens die ANC - die ANC is verban in hierdie land - bestaan die ANC nog in hierdie land en dit is die enigste organisasie vir die vryheidstelling van die mense. Met ander woorde, sekere(30) persone of sekere lede van die ANC is buite die land, maar

... / die

die Vanguard is nog in hierdie land. Dit wil sê die ANC wat nog in die land is, is die Vanguard.

HOF : Ek sien, mnr. Jacobs, dat daar 'n verdere lid van die pers teenwoordig is. Is die lid bewus van die voorwaardes waaronder die pers hier toegelaat word?

MNR. JACOBS : Blybaar is hy nie. Ek sal net met hom reël ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Wel dit is u plig om toe te sien dat die getuie beskerm word. U kan dit nie van my verwag nie.

MNR. JACOBS : Ek het mense aangesê, maar blybaar het (10) niemand dit gesien nie. Kan ek net 'n kort verdaging kry?

HOF : Die reëling was dat iemand wat hier toegelaat word deur u goedgekeur moet word. Op watter basis laat u persone toe?

MNR. JACOBS : Ons het die mense goedkeuring gegee. Ek het nie eers gesien hy is hier nie. Kan ek 'n verdaging vra dat ek net vasstel - as ek hier staan kan ek ongelukkig nie met die mense praat nie. Ek het toe mense aangestel om te kyk. Laat ek net seker maak wat is aan die gang.

GETUIE STAAN AF.

(20)

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

1C6 nog onder eed

MNR. JACOBS : Ek mag net rapporteer oor die aspek van die verslaggewer wat in die hof is. Hy is gekeur deur die ver-teenwoordiger van die prokureur-generaal wat buitekant is, mnr. Fick.

HOF : Ek het u net 'n vraag gevra vir my eie inligting. Ek het nie verwag dit sal so 'n resultaat tot gevolg hê nie.

MNR. JACOBS : Ek wil darem net die Hof nie in 'n verleentheid stel nie. Daarom het ek gevra dat ek seker maak dat ons (30) nie dinge doen wat teen die Hof se bevel gaan nie. So, ek

... / het

het net seker gemaak. Dit is al wat ek gedoen het.

HOF : Gaan maar voort.

MNR. JACOBS : Ek is klaar met die getuie.

MR BIZOS ASKS FOR THE MATTER TO STAND DOWN UNTIL MONDAY

MCRNING, 27 JANUARY 1986.

MR BIZOS : I may indicate that we cannot promise that we will be ready for the whole of the witness by Monday morning, but we will try at least to be able to continue with a part, by taking instructions from those areas which we can during the weekend. (10)

COURT : Are you in a position to give me a progress report on the negotiations between the State and the defence on the facts which are common cause?

MR BIZOS: No, because I myself am not so directly involved in this. It is done by people who do not sit in court. I do not know whether anyone of the persons are present knows anything about that. I did see Mr Fick and I asked him for an explanation for his absence from court. He informed me that he was busy with that and I told him would he please get in touch with Miss Satchwell, who is one of our instructing attorneys who is not in court and who will also be doing it outside court hours, her court hours, she will not be here, but I have no progress report in that regard. (20)

MNR. JACOBS : Die posisie is dat mnr. Fick het die een skedule op sy eie alreeds opgestel. Hulle is besig om dit te tik vir voorlegging dan verder aan die verdediging. Die ander dele kon ek nie met die verdediging onderhandel nie, want die persoon wat aangewys was as die prokureur, mej. Katy Satchwell, is nie hier beskikbaar nie. Ons het probeer om met haar kontak te kry, maar sy is nie hier nie. Dit is (30) wat ek verstaan van die verdediging dat sy het gesê sy sal

... / met

met mnr. Fick saamwerk oordie kwessie van die geweld. So, op hierdie stadium is daardie aspek nog nie verder gevoer nie, maar daar word hard gewerk deur mnr. Fick op die ander aspekte.

HCF : Die probleem is as u alleen werk en al die gegewens by u bly, dan moet ons eers 'n lang tyd wag voor die gegewens gekontroleer is deur die ander kant.

MNR. JACOBS : Dit is reg, maar die persoon wat aangewys is, is nie beskikbaar nie. Ek weet nie hoekom nie. As die verdediging miskien vir ons kan sê. Aan mnr. Fick is gesê (10) dat mej. Satchwell sal saam met hom werk om hierdie erkennings reg te kry. Sy is vir die laaste drie dae nou nie by die hof nie.

HOE : Wat is die posisie, mnr. Bizos? Why was not one of the counsel appointed to liaise with the other counsel? It is quite unusual for attorneys to liaise with counsel on their own?

MR BIZOS : The arrangement that was suggested and that was recorded in the letter was that the State will let Miss Satchwell know what it was that it sought admissions on. (20) We cannot do anything before the schedules are presented to us and I would appeal to My Learned Friend not to try and shift the responsibility in relation to this on the absence of Miss Satchwell. Miss Satchwell will be available the moment the schedules and documents are ready and they are handed over to us. Thereafter, naturally counsel is going to be involved on the formulation of the admissions, but as a starting point and before we can do anything, we want those schedules. We want to study them. We will tick off what there are no problems about. It is a question of formula-(30) tion. We will try and reformulate it and show it to the

... / State

State and say "What do you say about that?" Before those schedules are available, nothing can be done. This is what we asked for in December, I think, when My Learned Friend. Mr Chaskalson read the letter out to Your Lordship and we have not got those schedules. We have not got any of those schedules to work on and if they were available, there would be members of our team to give it priority.

MNR. JACOBS : Ek wil nie graag hierdie tipe in die ope hof dat 'n mens elke keer op die dinge stry nie, dit is onaangenaam dat ons nou stry in die hof en die Hof moet oplaai met die (10) ding, maar toe ons begin het, toe ons gepraat het, toe u die bevel gemaak het dat vandag 'n vorderingsverslag gebring moet word, het ons vir u uitgewys wat is ons probleme. Ons kan nie gaan sit en erkennings heeltemal gaan formuleer soos dit ons pas nie en dan ander kant toe, word dit weer nie - Ons het gevra kan ons iemand kry dat daaroor onderhandel word. Dit was die eerste instansie toe mej. Satchwell met my onderhandel het in Desember. Toe het ek vir haar gesê "Kan jy vir my sê op hoe 'n basis moet ons deur die goed gaan?" Toe het sy vir my gesê dit sal eers met die advokate bespreek word (20) en dan sal sy terugkom. Dit was die basis ook waarop sy Maandag ook hier was, dat hulle sal sit op 'n basis hoe gaan dit. Die Staat gaan miskien 'n hele klomp erkennings opskryf wat dinge gepubliseer word of uiteengesit word wat nie deur die verdediging erken sal word nie. Om tyd te spaar in hierdie saak, om die ding te vergemaklik, is dit tog seker nodig dat as regsverteenvoordigers daar ooreengekom word. Dit is ook soos die Hof dit gestel het, dat daar ooreengekom word hoe gaan ons dit bewoerd. So, as dit dan die houding is dat ons die erkennings moet opstel soos wat dit ons pas en dat dit (30) dan weer verder gaan, sal ons dit so doen.

HOF : Nee, maar, mnr. Jacobs, soos ek dit verstaan, is daar twee dinge ter sprake. Die een is die formulering van algemene dinge en die ander een is detail. Die detail staan op 'n skedule dat op daardie datum op daardie plek het dit gebeur, vyf mense beseer, motor afgebrand, as dit nou ter sake sou wees, ek weet nie. Ek gee u maar net 'n voorbeeld. Dit gaan u tog seker op 'n lys hê érens?

MNR. JACOBS : Dit is die skedule wat getik word.

HOF : Daardie skedule is nog nie klaar nie. Daarvoor wag hulle. Dit is nou die een ding en of 'n mens nou mondeling (10) bymekaar kom en praat daaroor of nie, dit moet klaar wees, want as dit nie klaar is nie, kan jy nie daaroor praat nie. Dan eers kan jy sê nou maar goed, ons erken items 2, 8 en 15 vandie skedule en items 6, 7 en 9 is in geskil.

MNR. JACOBS : Dit is reg. Dit is reeds daardie wat hulle nou tik, die skedule om dan voor te lê, maar daar is 'n tweede deel wat met my onderhandel was deur mej. Satchwell en dit is die kwessie van die geweld op die verskillende plekke, dat al daardie getuies nie geroep word nie. Dit is 'n deel van erkennings wat gemaak sal word of wat te kenne gegee is(20) wat gemaak sal word.

HOF : Ek wil aan die hand doen en dit is dat daar nou iemand genomineer word deur mnr. Bizo's van sy advokate, ek doen aan die hand mnr. Tip, dat hy met julle samesprekings voer nou net na ons verdaag het en voor julle uitmekaar gaan om by u presies vas te stel wat is nou die haakplek, afgesien van die skedules. Is daar nog iets anders waарoor u wil praat en dan moet julle uitmaak waaroor julle wil praat, want ek kry die indruk asof julle nie met mekaar praat nie.

MNR. JACOBS : Dit is nie so nie. Ons probeer dit kry. (30)

HOF : Maar dit is nie my funksie om te sorg dat hierdie sake

vreeslik vlot verloop nie, veral nie in 'n strafsaak nie, maar ek het my bedenkinge daaroor of daar voldoende skakeling is tussen die twee kante ten einde hierdie saak behoorlik te laat vlot ten einde die saak so gou as moontlik en so kort en gemaklik as moontlik vir almal af te handel.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 27 JANUARIE 1986.
